# Hey!Brokkies Nuus
# 31 Julie 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Derde kwartaal is in volle swang en ons is opgewonde om weer al die vrolike gesiggies te sien ☺**

**1.Firgrove Primêr se Hoop vir Kinders program skop af:**

Hey! help Jackie Wanza en haar span met die implementering van program wat op 25 Julie begin het. Die entoesiasme by die groep was aansteeklik en ek bid dat dit die begin sal wees van groot dinge by die skool.



Firgrove : Kinders leer Bybelverse terwyl hulle speel. Jackie lei hier op haar spesiale manier



Baie dankie Jannie Marais

**2.Bonnytoun :** Alhoewel daar 'n lekker skoolvakansie was het dinge by Bonnytoun maar aangegaan soos altyd en Vanessa het steeds weekliks by seuns bedien. Die Here is besig om haar en mense soos **Jannie Marais** te gebruik as kragtige instrumente. Ek haal aan uit Vanessa se e-pos: "Daar is GROOT Blydskap en opwinding by die seuns"..en seun wie siek was getuig: " ek kon voel hoe die Here my aanraak toe ek lekker saam gesing het." Daar was weer die naweek seuns wie 'n keuse vir Jesus gemaak het en ons eer die Here daarvoor. Die Here is besig om kragtig te werk hier!

Belinda in Russiese woud



**2. Belinda in Rusland:** Ons is dankbaar dat sy veilig terug is en 'n baie geseende tyd gehad het! Ek het reeds haar nuusbrief aangestuur. Maar hierdie pragtige foto wys ek graag van piekniek in woud gereel deur lede van kerkie in Kursk wat hulle gehuisves het. Die pastoor se vrou was hulle tolk!

**3.Skole - en weeklikse bedieninge:** Woorde kannie uitdruk watter vreugde ☺ ek en al die Hey! aanbieders weekliks beleef om met die kinders van **Beaumont, Lochnerhof, Somerset-Wes primêr, De Hoop, Firgrove, Lawrencia, Pêrelprojek (Rustenhof plaas), EG Kerk Benoni** en **Bonnytoun** te werk nie! Die pad wat ons bevoorreg is om te stap maak dat daar kosbare vertrouensbande gesmee word en kinders opgewonde kan wees oor Bybellesse en pret het terwyl hulle leer!Ek wil vra dat jy sal intree vir die span van sowat 50 aanbieders wie met die kinders werk. Mag elkeen betrokke by Hey! God altyd eerste stel en vir Hom opstaan en God se guns ervaar volgens **1 Samuel 2:30 "Ek sal die mense eer wat My eer en Ek sal die mense verneder wat maak of Ek nie belangrik is nie."**



Lise en Linda by Beaumont se "Hope 4 Kids" maats. DANKIE !



Summies altyd vrolik vroegoggend (7:15)







Handwerk pret by Beaumont, De Hoop en Rustenhofplaas



Lochies het baie pret !

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**

**Celeste Steinmann**
**082 322 5299**